LEERLINGRAADVERKIESINGSBELEID

1. NOMINASIEPROSEDURE

- Nominasies vind plaas deur slegs graad 11- leerders d.m.v. 'n nominasievorm wat soos volg lyk:

Naam van persoon wat jy wil nomineer (Genomineerde)	
Naam van persoon wat nomineer (Nomineerder)	
Handtekening van persoon wat nomineer (Nomineerder)	

- 'n Leerder mag slegs 10 leerders nomineer.
- Indien 'n leerder nie by die skool is op nominasiedag nie, verbeur hy/sy die geleentheid om te nomineer.
- 'n Leerder mag nie homself/haarself nomineer nie.
- Indien 'n nominasievorm nie die nomineerder se naam op het nie, word dit as 'n bedorwe nominasie hanteer.

2. KRITERIA VIR NOMINASIELYS

- 'n Leerder moet 'n gemiddelde jaarpunt van 50% in graad 11 hê. Die jaarpunt word as 50% van die eerste kwartaal en 50% van die tweede kwartaal bereken. Geen druipkandidaat sal kwalifiseer nie.
- 'n Leerder moet 'n bevredigende gedragsrekord op die dissiplinêre stelsel hê: ten minste 400 positiewe punte, nie meer as 400 negatiewe punte nie en 'n netto positiewe punt.
- 'n Leerder moet ten minste 10 nominasies hê. Indien daar minder as 50 dogters/seuns 10 nominasies ontvang het, sal die 50 dogters/seuns met die meeste nominasies op die lys verskyn.
- Nuwe leerders wat deur die loop van die jaar ingeskryf het, moet ook aan bogenoemde kriteria voldoen m.b.t. nominasies, positiewe en netto positiewe punte. Negatiewe punte sal in verhouding tot tyd by die skool bereken word.
- 'n Leerder wat op die Top 10 Akademie van graad 11 vir kwartaal 1 of 2 verskyn, word op die lys geplaas, al het hulle nie genoegsame nominasies nie, mits hy/sy voldoen aan alle ander kriteria.
- 'n Personeelvergadering word gehou om die voorlopige nominasielys te bespreek en waar leerlingraadvoogde ook sal terugvoer gee oor die vorige termyn. Tydens die vergadering kan personeel leerders afhaal van die voorlopige lys as 6 van die leerder se voog- en vakpersoneel die weglating ondersteun. Die volgende sal in ag geneem word:
  - Sosiale mediaprofiel
  - Voorkoms
  - Chroniese afwesigheid
- 'n Finale nominasielys word saamgestel nadat leerders hulself bereidwillig verklaar het om op die leerlingraad te dien deur 'n dokument te onderteken wat die pligte en gedrag van 'n leerlingraadslid uiteensit.
- Leerders op die finale lys se foto's sal voor stemmimg op kennisgewingborde geplaas word en leerders sal aan die skool voorgestel word tydens 'n byeenkoms in die saal of op die pawiljoen.

3. STEMMIMG

- Verkiesing vind per stembrief/elektronies op dieselfde dag deur leerders en personeel plaas.
- Die aantal stemme/leerlingraadslede sal deur die aantal geregistreerde leerders op die verkiesingsdag bepaal word. Vir elke 25 seuns/dogters word vir 1 leier gestem.
- Leerders/personeel moet vir ten minste 50% van die voorgeskrewe aantal kandidate stem. Minder as

50% stemme of meer stemme as die vereiste getal, sal 'n bedorwe stembrief wees.

4. Graad 9- en 10-leerders: Seuns stem vir seuns en dogters stem vir dogters;
   Graad 11-leerders en personeel: Stem vir beide seuns en dogters.
5. Graad 8- en 12-leerders stem nie.
6. Slegs personeel met 'n SACE-sertifikaat, en wat langer as 6 maande by die skool is, kwalifiseer om te stem. Personeel word nie verplig om te stem nie, veral as hulle nie die leerders ken nie.
7. 'n Personeellys met stemgeregtigdes, voorsien deur mev. Van Nieuwenhuizen en me. Wamelink, sal beskikbaar wees en moet geteken word wanneer personeel stem.

4. TELLING EN VERWERKING VAN STEMME

- Stemverhouding
  - o Leerderstemgewig: 50% van totale stemme
    - Gr. 9-leerders 1:1
    - Gr. 10-leerders 1:1
    - Gr. 11-leerders 1:2
  - o Personeelstemgewig: 50% van totale stemme
    - Alle personeel se stemme dra dieselfde gewig
- Die leerlingraad moet die demografie van die skool reflekteer. Die demografie van die graad 11-groep word gebruik om die verhouding te bepaal.
- Tydens stemverwerking moet daar 'n onafhanklike waarnemer teenwoordig wees, bv. 'n departementele werknemer en/of 'n prokureur.
- Mev. Le Roux en/of mev. Van Nieuwenhuizen moet die verwerkingsformule verifieer.

5. STEMMING EN VERKIESING VAN HOOFLEIERS

- Hoofleiers word deur die nuutverkose leerlingraad en personeel per stembrief verkies.
- Leerlingraad stem na afloop van die leerlingraadkamp en personeel stem die Vrydag van die kamp.
- Leerlingraad en personeel stem vir 3 seuns en 3 dogters. Meer of minder as 3 stemme is 'n bedorwe stem.
- Stemverhouding
  - o Leerlingraadstemgewig: 50% van totale stemme
  - o Personeelstemgewig: 50% van totale stemme
    - Leerlingraadvoogde 1:2
    - Res van die personeel 1:1
- Die seun en dogter met die meeste stemme word as hoofleiers verkies. Die volgende 3 seuns en dogters word deur die leerlingraadkomitee in portefeuljes ingedeel.

6. ALGEMEEN

- Indien 'n leerlingraadslid die skool gedurende die jaar verlaat, sal geen leerder in sy/haar plek aangestel word nie.
- Indien 'n leerlingraadslid se balkie opgehef word, sal geen leerder in sy/haar plek aangestel word nie.
- Leerders wat by 'n ander skool op die leerlingraad gedien het, kan nie by MHS op die leerlingraad dien nie.
- Medaljes word aan die einde van die jaar by die prysuitdeling aan leerlingraadslede toegeken, na gelang van hulle toegewydheid, betrokkenheid en gedrag gedurende die jaar.